


Kry meer gedaan met Office 2010 en Windows 7 Die vertoning van aanbiedings oor die web



Hier is 'n handige nuwe kenmerk wat jou in staat stel om aanbiedings oor die web te vertoon. Sê maar jy is besig met 'n aanbieding op PowerPoint 2010, maar jou gehoor is nie almal in een vertrek nie. Dan maak jy so: Klik 'Broadcast Slide Show' op die 'Slide Show'-strokie in die 'Start Slide Show'-groepering. Dit skep 'n skakel na jou gehoor via e-pos, of kitsboodskap. Wanneer jy gereed is, skakel jy hulle, of reël 'n telekonferensie. Hulle klik dan op die skakel – en dis of almal in lewende lywe daar is.


Stoor op SkyDrive



Meer as een rugsteunkopie is nie 'n slegte idee nie. My skootrekenaar is byvoorbeeld 'n paar jaar gelede gesteel en 'n roman waaraan ek reeds drie jaar lank gewerk het, was daarop. Toe ek my rugsteunkopie wou oopmaak, was die lêer korrupt. Ek het dae lank gehuil. Nou gebruik ek [Windows Live SkyDrive](#) om bykomende kopieë van werklik belangrike lêers te stoor.

Dis regtig handig, omdat ek nou lêers direk van Word – of enige Office 2010-program af – na my SkyDrive-rekening kan stoor. Maak so: Klik die 'File'-strokie, klik 'Save & Send' en klik dan 'Save to Web'. Voer dan jou Windows Live-gebruikersnaam en –wagwoord in. Dit is ook 'n vinnige en maklike manier om lêers met ander mense te deel. Dit is super handig wanneer ek aan regtig groot dokumente werk en nie my kliënt se in-mandjie wil oorlaai nie. Met die webweergawes van die programme kan ek selfs aan daardie dokumente werk op 'n PR wat nie Office op het nie.

Sien vensters sy aan sy met Snap



Raak jy ooit gefrustreerd oor hoe lank dit neem om twee vensters die perfekte grootte te kry sodat jy hulle sy aan sy kan sien? [Snap](#) doen dit sommer outomaties vir jou. Trek een venster net na die kant van die skerm en dan die ander venster na die teenoorgestelde kant van die skerm. Of gebruik die kortpad: As jy in 'n dokument is, druk die sleutelbord funksie met die Windows-logo en dan die regs-pyltjie of links-pyltjie om die dokument na die een kant toe te 'snap'. Gaan dan na die tweede dokument en herhaal. Ek dink dit is die wonderlikste ding ooit.



Are you The BOSS of your business?
Get The Book Of Small Business Solutions today!
It's full of smart tips for business owners and managers.

[DOWNLOAD IT FOR FREE >>](#)

